



# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

---

---

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit 30c PRICE (GST included)  
BUITELANDS 40c ABROAD  
POSVRY · POST FREE**

---

Vol. 225

KAAPSTAD, 2 MAART 1984

No. 9081

CAPE TOWN, 2 MARCH 1984

---

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 361. 2 Maart 1984

No. 361. 2 March 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 5 van 1984: Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewysingswet, 1984.

No. 5 of 1984: South African Transport Services Act, 1984.

Wet No. 5, 1984

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTEWYSIGINGSWET, 1984

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui aan skrappings deur Minister by indiening voorgestel.

**\_\_\_\_\_** Woorde met 'n volstreep daaronder, dui aan invoegings deur Minister by indiening voorgestel.

**WET**

Tot vervanging van artikel 8 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, ten einde vir die verhaal van skulde op werknemers voorsiening te maak; tot wysiging van artikel 11 van gemelde Wet en artikel 10 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, ten einde voorsiening te maak vir die evaluering van die Pensioenfondse; tot herroeping van artikel 17 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971; tot wysiging van artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, ten einde die omskrywing van „jaargeld” te vervang; tot wysiging van artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, ten einde voorsiening te maak vir die vestiging van omvattende handelsaktiwiteite op Vervoerdienste-eiendom, en die Vervoerdienste spesifiek te magtig om sleep- en bergingsdienste op versoek buite sy regsgebied te verrig; tot vervanging van artikel 16 van gemelde Wet ten einde voorsiening te maak vir die toedeling van boetes opgelê kragtens padverkeersordonnansies; tot wysiging van artikel 40 van gemelde Wet ten einde die Vervoerdienste se aanspreeklikheid te bepaal ten opsigte van verlies of beskadiging van goedere as gevolg van sabotasie en brand in hawens; tot wysiging van artikel 44 van gemelde Wet ten einde die bepalings daarvan in ooreenstemming te bring met artikel 6 (4A) van die Polisiewet, 1958; tot vervanging van artikel 77 van gemelde Wet ten einde vir die herroeping van sekere wette voorsiening te maak; tot wysiging van die Afrikaanse weergawe van artikel 9 van die Wet op Diensvoorwaardes (Suid-Afrikaanse Vervoerdienste), 1983, ten einde die bepalings daarvan in ooreenstemming met die Engelse weergawe te bring; tot wysiging van artikel 32 van gemelde Wet ten einde voorsiening te maak vir sekere magte van die Hoofbestuurder of sy gedeleerde; tot vervanging van artikel 15 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1983, ten einde vir sekere rekenpligtige prosedures voorsiening te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 22 Februarie 1984.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 8 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verhaal van skulde aan Administrasie verskuldig op voordele betaalbaar aan lede by Diensverlating of dood. 8. Indien 'n lid van die Nuwe Fonds die Diens om watter rede ook al verlaat, het die Administrasie die reg om die bedrag van enige verlies of skuld betaalbaar aan die Administrasie deur so 'n lid of voormalige lid (behalwe 'n lening in artikel 9 bedoel), soos vasgestel deur die Administrasie, te verhaal op enige voordeel wat aan so 'n voormalige lid uit die Nuwe Fonds betaalbaar is.”

Vervanging van artikel 8 van Wet 35 van 1971, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 33 van 1972, artikel 33 van Wet 8 van 1976, artikel 17 van Wet 64 van 1978 en artikel 17 van Wet 29 van 1981.

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES AMENDMENT ACT,  
1984

Act No. 5, 1984

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- I** Words in bold type in square brackets indicate omissions proposed by Minister on introduction.
- Words underlined with solid line indicate insertions proposed by Minister on introduction.

**ACT**

To substitute section 8 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971, so as to provide for the recovery of debts from employees; to amend section 11 of the said Act and section 10 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, so as to provide for the valuation of the Pension Funds; to repeal section 17 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971; to amend section 1 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, so as to substitute the definition of "annuity"; to amend section 9 of the South African Transport Services Act, 1981, so as to provide for the establishment of comprehensive commercial activities on Transport Services' property, and to authorize the Transport Services specifically to provide towage and salvage services, on request, outside the area of its jurisdiction; to substitute section 16 of the said Act so as to provide for the allocation of fines imposed in terms of road traffic ordinances; to amend section 40 of the said Act so as to determine the liability of the Transport Services in respect of loss of or damage to goods as a result of sabotage and fire in harbours; to amend section 44 of the said Act so as to bring the provisions thereof into conformity with section 6 (4A) of the Police Act, 1958; to substitute section 77 of the said Act so as to provide for the repeal of certain laws; to amend the Afrikaans version of section 9 of the Conditions of Employment (South African Transport Services) Act, 1983, so as to bring the provisions thereof into line with the English version; to amend section 32 of the said Act so as to provide for certain powers of the General Manager or his delegate; to substitute section 15 of the South African Transport Services Finances and Accounts Act, 1983, so as to provide for certain accounting procedures; and to provide for incidental matters.

*(English text signed by the State President.)  
(Assented to 22 February 1984.)*

**BE** IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section 8 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971:

5 "Recovery of debts due to Administration from benefits payable to members on leaving the Service or death.

10 **8.** If a member of the New Fund leaves the Service for any reason, the Administration shall have the right to recover from any benefit payable from the New Fund to such former member the amount of any loss or debt payable to the Administration by such member or former member (other than a loan referred to in section 9), as determined by the Administration."

Substitution of section 8 of Act 35 of 1971, as amended by section 11 of Act 33 of 1972, section 33 of Act 8 of 1976, section 17 of Act 64 of 1978 and section 17 of Act 29 of 1981.

**Wet No. 5, 1984**

**SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTEWYSIGINGSWET, 1984**

Wysiging van artikel 11 van Wet 35 van 1971.

2. Artikel 11 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Fonds en die Nuwe Fonds word [elke vyf jaar] indien en wanneer nodig geag na goeë dunnke van die Minister gewaardeer deur 'n aktuaris deur die Minister aangestel, en 'n ekonomiese evaluering van die Fonds en die Nuwe Fonds geskied minstens een keer elke vyf jaar.” 5

Herroeping van artikel 17 van Wet 35 van 1971, soos vervang deur artikel 14 van Wet 33 van 1972 en gewysig deur artikel 15 van Wet 44 van 1974, artikel 35 van Wet 8 van 1976, artikel 19 van Wet 64 van 1978, artikel 12 van Wet 80 van 1979, artikels 16 en 18 van Wet 29 van 1981 en artikel 7 van Wet 60 van 1981.

3. Artikel 17 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, word hierby herroep. 10

Wysiging van artikel 1 van Wet 43 van 1974, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 89 van 1976, artikel 18 van Wet 67 van 1980, artikel 19 van Wet 29 van 1981, artikel 9 van Wet 60 van 1981 en artikel 9 van Wet 6 van 1982.

4. Artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, word hierby gewysig deur die omskrywing van „jaargeld” deur die volgende omskrywing te vervang:

„(xii) „jaargeld” 'n jaarlikse som betaalbaar tot aan die end van die maand waarin 'n afgetrede werknemer of die weduwee van 'n oorlede werknemer of jaargeldtrekker te sterwe kom; (iii)” 15

Wysiging van artikel 10 van Wet 43 van 1974.

5. Artikel 10 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 20

„(1) Die Pensioenfonds word [elke vyf jaar] indien en wanneer nodig geag na goeë dunnke van die Minister gewaardeer deur 'n aktuaris deur die Minister aangestel, en 'n ekonomiese evaluering van die Fonds geskied minstens een keer elke vyf jaar.” 25

Wysiging van artikel 9 van Wet 65 van 1981, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 13 van 1983.

6. Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby gewysig deur —

(a) die volgende paragraaf na paragraaf (15) in te voeg: „(15A) om sleep- en bergingsdienste binne 'n hawe en op versoek buite die regsgebied van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste te verrig: Met dien verstande dat die tariefgelde wat daarvoor gevra word, ooreenkom met dié wat normaalweg deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir hawedienste gevra word;” en 30

(b) die volgende paragraaf na paragraaf (25) in te voeg: „(26) om onroerende goed te verhuur vir die doeleindes van handelsontwikkeling en eksplorasie daarvan deur private ondernemings nie teenstaande die feit dat sodanige eiendom deur die betrokke owerheid gesoneer mag wees vir spoorwegdoeleindes: Met dien verstande dat— 40

(a) sodanige ontwikkeling en eksplorasie hetsy regstreeks of onregstreeks betrekking het op die uitoefening van die magte waarna verwys word in artikel 2 (2) (a) van hierdie Wet; 45

(b) sodanige onroerende goed onderworpe is aan enige dorpsaanleg- of dorpsbeplanningskema binne 'n plaaslike bestuur; en

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES AMENDMENT ACT,  
1984

Act No. 5, 1984

2. Section 11 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:  
 Amendment of section 11 of Act 35 of 1971.
- 5     “(1) The Fund and the New Fund shall be valued **[every five years]** if and when deemed necessary at the discretion of the Minister by an actuary appointed by the Minister, and an economic evaluation of the Fund and the New Fund shall be undertaken at least once every five years.”.
3. Section 17 of the Railways and Harbours Pensions Act, 10 1971, is hereby repealed.  
 Repeal of section 17 of Act 35 of 1971, as substituted by section 14 of Act 33 of 1972 and amended by section 15 of Act 44 of 1974, section 35 of Act 8 of 1976, section 19 of Act 64 of 1978, section 12 of Act 80 of 1979, sections 16 and 18 of Act 29 of 1981 and section 7 of Act 60 of 1981.
4. Section 1 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, is hereby amended by the substitution for the definition of “annuity” of the following definition:  
 Amendment of section 1 of Act 43 of 1974, as amended by section 2 of Act 89 of 1976, section 18 of Act 67 of 1980, section 19 of Act 29 of 1981, section 9 of Act 60 of 1981 and section 9 of Act 6 of 1982.
- 15     “(iii) ‘annuity’ means an annual sum payable up to the end of the month in which a retired employee or the widow of a deceased employee or annuitant dies; (xii)”.
5. Section 10 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:  
 Amendment of section 10 of Act 43 of 1974.
- 20     “(1) The Pension Fund shall be valued **[every five years]** if and when deemed necessary at the discretion of the Minister by an actuary appointed by the Minister, and an economic evaluation of the Fund shall be undertaken at least once every five years.”.
- 25     6. Section 9 of the South African Transport Services Act, 1981, is hereby amended by —  
 Amendment of section 9 of Act 65 of 1981, as amended by section 10 of Act 13 of 1983.
- 30     (a) the insertion after paragraph (15) of the following paragraph:  
 “(15A) to provide towage and salvage services within a harbour and on request outside the area of the South African Transport Services’ jurisdiction: Provided that the tariff rates charged therefor conform with those normally charged for harbour services by the South African Transport Services;” and
- 35     (b) the insertion after paragraph (25) of the following paragraph:  
 “(26) to let immovable property for the purpose of commercial development and exploitation thereof by private enterprise despite the fact that such property might be zoned by the authority concerned for railway purposes: Provided that—
- 40     (a) such development and exploitation are either directly or indirectly related to the exercise of the powers referred to in section 2 (2) (a) of this Act;
- 45     (b) such immovable property shall be subject to any town planning scheme within any local authority; and

Wet No. 5, 1984

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTEWYSIGINGSWET, 1984

(c) belasting ten opsigte van sodanige goed deur die betrokke plaaslike bestuur bepaal en aan sodanige plaaslike bestuur betaal word."

Vervanging van artikel 16 van Wet 65 van 1981.

7. Artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby deur die volgende artikel vervang: 5

„Betaling van boetes aan die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste. 16. Ondanks andersluidende wetsbepalings word alle boetes of bedrae wat verhaal word ingevolge hierdie Wet, die regulasies daarkragtens of kragtens 'n padverkeersordonnansie uit hoofde van die bepalinge van artikel 71 van hierdie Wet uitgevaardig, in die kas van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste gestort.” 10

Wysiging van artikel 40 van Wet 65 van 1981.

8. Artikel 40 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby gewysig deur —

(a) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„40. Die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste is in geen geval aanspreeklik vir verlies of beskadiging van goedere wat by 'n hawe in sy bewaring is nie, as die verlies of skade veroorsaak word deur oormag of deur vyandlike geweld, die gevare of ongevallen van die see, **[brand]** sabotasie, oorstroming, storm, burgeropstand, oproer of werkstaking, of vir —”;

(b) paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(d) verlies of beskadiging van goedere veroorsaak deur 'n te hoë of te lae temperatuur in koelkamers, of weiering van masjinerie of toerusting wat nie aan die nalatigheid van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste of sy werknemers te wyte is nie; of”;

(c) die volgende paragraaf na paragraaf (d) in te voeg:

„(e) verlies of beskadiging van goedere veroorsaak deur 'n brand wat nie aan die nalatigheid van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste of sy werknemers te wyte is nie:” 35

Wysiging van artikel 44 van Wet 65 van 1981.

9. Artikel 44 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby gewysig deur na subartikel (6) die volgende subartikel in te voeg:

„(6A) (a) Ondanks andersluidende wetsbepalings, maar sonder om afbreuk te doen aan die bepalinge van subartikel (6), kan 'n lid van die Mag by die verrigting van die in subartikel (1) bedoelde werksaamhede enige voertuig binne die regsgebied van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en by enige terrein binne die perke van 'n lughawe, of enige houer van watter aard ook al in, op of aan die voertuig sonder lasbrief visenteer, en enige voorwerp bedoel in artikel 20 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), wat in, op of aan die voertuig of in die houer gevind word, in beslag neem. 40 45 50

(b) 'n Lid van die Mag kan vir die doel van die uitoefening van die bevoegdhede by paragraaf (a) verleen die bestuurder van 'n voertuig deur middel van 'n gepaste aanduiding of voorskrif of op 'n ander wyse beveel om daardie voertuig tot stilstand te bring en kan, ondanks andersluidende wetsbepalings, die teken, versperring of ander voorwerp vertoon, opstel of oprig wat redelikerwys nodig is om die bevel onder die aandag van die bestuurder te bring en om te verseker dat die voertuig tot stilstand sal kom. 55 60

(c) Iemand wat weier of versuim om 'n voertuig ooreenkomstig 'n bevel kragtens paragraaf (b) tot stilstand te bring, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf. 65

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES AMENDMENT ACT,  
1984

Act No. 5, 1984

(c) rates in respect of such property shall be assessed by the local authority concerned and shall be paid to such local authority.”.

7. The following section is hereby substituted for section 16 of the South African Transport Services Act, 1981:

Substitution of section 16 of Act 65 of 1981.

“Payment of fines to the South African Transport Services. 16. Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, any fine or amount recovered under this Act, the regulations framed thereunder or under a road traffic ordinance by virtue of the provisions of section 71 of this Act, shall be paid into the revenue of the South African Transport Services.”.

8. Section 40 of the South African Transport Services Act, 1981, is hereby amended by —

Amendment of section 40 of Act 65 of 1981.

(a) the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

“40. The South African Transport Services shall in no case be liable for loss of or damage to any goods in its custody at a harbour, if the loss or damage be caused by an act of God or of hostile forces, the perils or accidents of the sea, **[fire]** sabotage, flood, tempest, civil commotion, riots or strikes, or for —”;

(b) the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) loss of or damage to goods caused from maintaining too high or too low a temperature in cool chambers or failure of machinery or plant not due to negligence on the part of the South African Transport Services or its employees; or”; and

(c) the insertion after paragraph (d) of the following paragraph:

“(e) loss of or damage to goods caused by a fire not due to negligence on the part of the South African Transport Services or its employees:”.

9. Section 44 of the South African Transport Services Act, 1981, is hereby amended by the insertion after subsection (6) of the following subsection:

Amendment of section 44 of Act 65 of 1981.

“(6A) (a) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, but without prejudice to the provisions of subsection (6), any member of the Force may, in the performance of the functions referred to in subsection (1), search without warrant any vehicle within the area of the South African Transport Services’ jurisdiction and in any area within the borders of an airport, or any receptacle of whatever nature in, on or attached to the vehicle, and seize any article referred to in section 20 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), found in, on or attached to the vehicle or in the receptacle.

(b) For the purpose of exercising the powers conferred by paragraph (a), a member of the Force may by means of an appropriate indication or direction or in any other manner order the driver of a vehicle to bring that vehicle to a stop and may, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, display, set up or erect such sign, barrier or object as is reasonably necessary to bring the order to the attention of the driver and to ensure that the vehicle will come to a stop.

(c) A person who refuses or neglects to stop a vehicle in accordance with an order under paragraph (b), shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

Wet No. 5, 1984

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTEWYSIGINGSWET, 1984

(d) Die bepalings van die Strafproseswet, 1977, met betrekking tot die beskikking oor 'n voorwerp bedoel in artikel 20 van daardie Wet wat kragtens die bepalings van daardie Wet in beslag geneem is, is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n voorwerp wat ingevolge paragraaf (a) in beslag geneem word." 5

Vervanging van artikel 77 van Wet 65 van 1981.

10. Artikel 77 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Bestaande regulasies ens. bly van krag. 77. Alle proklamasies, regulasies, kennisgewings, goedkeurings of aanstellings gepubliseer, uitgevaardig, verleen of gedoen, en alle ander handeling wet-tig verrig ingevolge een of ander bepaling van 'n wet wat deur artikel 76 herroep word, word geag ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet gepubliseer, uitgevaardig, verleen, gedoen of verrig te gewees het." 10 15

Wysiging van artikel 9 van Wet 16 van 1983.

11. Artikel 9 van die Wet op Diensvoorwaardes (Suid-Afrikaanse Vervoerdienste), 1983, word hierby gewysig deur subartikel (5) van die Afrikaanse weergawe deur die volgende subartikel te vervang: 20

„(5) Behalwe met skriftelike toestemming het geen polisiebeampte die reg om te bedank nie —  
 (a) te eniger tyd gedurende die eerste drie jaar van sy diens, bereken vanaf die datum van sy attestasie;  
 (b) in tyd van oorlog, versterking van die openbare orde, oproer of ander noodtoestand of gevreesde noodtoestand, of gedurende sodanige tydsbestek waarin 'n geskil soos bedoel in artikel 28 bedoel word aan die gang is,  
 en enige polisiebeampte wat bedank in stryd met hierdie subartikel, of wat andersins dros (hetsy onder die omstandighede in hierdie subartikel vermeld al dan nie), is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf. Die bepalings van hierdie [artikel] subartikel bind alle lede van die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisiemag, met inbegrip van diegene wat in 'n los of 'n gereelde hoedanigheid kragtens artikel 6 (2) (a) in diens is." 25 30 35 40

Wysiging van artikel 32 van Wet 16 van 1983.

12. Artikel 32 van die Wet op Diensvoorwaardes (Suid-Afrikaanse Vervoerdienste), 1983, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Enige regulasie wat kragtens hierdie artikel uitgevaardig word, en enige wysiging daarvan, kan met terugwerkende krag uitgevaardig word vanaf 'n datum wat nie vroeër is nie as 1 April 1960 en kan vir die uitoefening van 'n diskresie deur die Hoofbestuurder voorsiening maak." 45

Vervanging van artikel 15 van Wet 17 van 1983.

13. Artikel 15 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1983, word hierby deur die volgende artikel vervang: 50

„15. Indien die Hoofbestuurder in 'n besondere geval daarvan oortuig is dat daar spesiale omstandighede bestaan vir die algehele of gedeeltelike kwytstelling of terugbetaling van bedrae wat invorderbaar is of gevorder is ten opsigte van enige van die dienste van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, kan hy sodanige kwytstelling of terugbetaling magtig, met dien verstande dat die bedrag wat in 'n enkele geval betrokke is nie R10 000 oorskry nie. In gevalle waar die bedrag van R10 000 wel oorskry word, word die Minister se magtiging daarvoor verkry. Die terugbetalings of kwytstellings aldus gemagtig, word nie as *ex gratia* beskou nie en dit is nie nodig om die magtiging van die Parlement te verkry of kragtens artikel 7 op te tree nie: Met dien verstande dat die Hoofbestuurder jaarliks aan die Ouditeur-generaal die totale bedrag aan kwytstellings en terugbeta- 55 60 65



SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES AMENDMENT ACT,  
1984

Act No. 5, 1984

5 (d) The provisions of the Criminal Procedure Act, 1977, with regard to the disposal of an article referred to in section 20 of that Act and seized under the provisions of that Act, shall *mutatis mutandis* apply in respect of an article seized under paragraph (a)."

10 10. The following section is hereby substituted for section 77 of the South African Transport Services Act, 1981: Substitution of section 77 of Act 65 of 1981.

10 "Saving of existing regulations, etc. 77. Any proclamation, regulation, notice, approval or appointment published, issued, given or made, and any other action validly taken under any provision of a law repealed by section 76, shall be deemed to have been published, issued, given, made or taken under the corresponding provision of this Act."

15 11. Section 9 of the Conditions of Employment (South African Transport Services) Act, 1983, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the Afrikaans version of the following subsection: Amendment of section 9 of Act 16 of 1983.

20 "(5) Behalwe met skriftelike toestemming het geen polisiebeampte die reg om te bedank nie —  
(a) te eniger tyd gedurende die eerste drie jaar van sy diens, bereken vanaf die datum van sy attestasie;  
25 (b) in tyd van oorlog, verstoring van die openbare orde, oproer of ander noodtoestand of gevreesde noodtoestand, of gedurende sodanige tydsbestek waarin 'n geskil soos bedoel in artikel 28 bedoel word aan die gang is,  
30 en enige polisiebeampte wat bedank in stryd met hierdie subartikel, of wat andersins dros (hetsy onder die omstandighede in hierdie subartikel vermeld al dan nie), is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf. Die bepalings van hierdie [artikel] subartikel bind alle lede van die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie, met inbegrip van diegene wat in 'n los of 'n gereelde hoedanigheid kragtens artikel 6 (2) (a) in diens is."

40 12. Section 32 of the Conditions of Employment (South African Transport Services) Act, 1983, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection: Amendment of section 32 of Act 16 of 1983.

45 "(3) Any regulation made in terms of this section and any amendment thereof may be made with retrospective effect from a date not earlier than 1 April 1960 and may make provision for the exercise of a discretion by the General Manager."

50 13. The following section is hereby substituted for section 15 of the South African Transport Services Finances and Accounts Act, 1983: Substitution of section 15 of Act 17 of 1983.

50 "15. Where the General Manager is satisfied, in any particular case, that special circumstances exist which warrant, wholly or in part, the remission or refunding of amounts which are recoverable or which have been recovered in respect of any of the services of the South African Transport Services, he may authorize such remission or refund, provided that the amount involved does not exceed R10 000 in any one instance. In instances where the amount of R10 000 is exceeded the Minister's authority therefor shall be obtained. Remissions or refunds thus authorized are not regarded as *ex gratia* and it shall not be necessary for the authority of Parliament to be obtained or for the matter to be dealt with in terms of section 7: Provided that the General manager shall report annually to the Auditor-General

## Wet No. 5, 1984

## SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTEWYSIGINGSWET, 1984

lings in die gevalle waarby bedrae van minder as R5 000 **[of minder]** betrokke is, asook besonderhede van elke geval van kwytskelding of terugbetaling waarby 'n bedrag van **[meer as]** R5 000 of meer betrokke is, rapporteer. Die Ouditeur-generaal dui in sy Verslag aan die Parlement die 5 totale bedrag aan wat ten opsigte van kwytskeldings en terugbetalings betrokke is en spesifiseer elke geval waarby 'n bedrag van R5 000 of meer betrokke is, asook elke geval wat, na sy mening, spesiale vermelding vereis."

Toepassing van hierdie Wet op Suidwes-Afrika.

**14.** Hierdie Wet en 'n wysiging daarvan is ook van toepassing 10 op die gebied Suidwes-Afrika.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

**15.** Hierdie Wet heet die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewysigingswet, 1984, en tree in werking op die datum waarop dit in die *Staatskoerant* verskyn, behalwe dat die bepalings van artikel 4 in werking tree op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. 15

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES AMENDMENT ACT,  
1984

Act No. 5, 1984

- the total amount of remissions and refunds in the instances where amounts of less than R5 000 **[or less ]** are involved, as well as details of each instance of remission or refund where an amount of [exceeding] R5 000 or more is involved.
- 5 The Auditor-General shall mention the total amount involved in respect of remissions and refunds in his Report to Parliament and specify each instance where an amount of R5 000 or more is involved, as well as any instance which in his view warrants special mention.”.
- 10 14. This Act and any amendment thereof shall apply also to the Territory of South West Africa. Application of this Act to South West Africa.
- 15 15. This Act shall be called the South African Transport Services Amendment Act, 1984, and shall come into operation on the date of promulgation in the *Gazette*, except that the provisions of section 4 shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. Short title and date of commencement.